

In die skaduwee van die Here se hand

Jy voel dalk dat jy iemand is wat nie regtig uitstaan nie. Jy doen jou deel in organisasies, by die werk, in die gemeente of familie, maar jy word nie eintlik raakgesien, erken of bedank nie. Jy is maar 'n mens in die skaduwee.

Ons Skrifgedeelte vertel van 'n tyd (die ballingskap) toe God se volk in die skaduwee geleef het. Almal het gedink dit was die skaduwee van vergetelheid, dat dit klaar is met God se volk en dat hulle nie weer 'n rol in die geskiedenis van hierdie wêreld sal speel nie. God het egter ander planne gehad. Dit was al die tyd Hý wat die volk in die skaduwee van sý hand gebêre het! Deur ballingskap en beproewing het God sy volk geslyp soos 'n mens 'n skerp pyl voorberei en in die koker wegbêre vir die regte geleentheid (vs 2). Toe die tyd ryp was, het God sy volk uit ballingskap na hulle land laat terugkeer. Daar, op die bestemde tyd, is die Verlosser, Jesus Christus, uit hulle gebore. Hy is die lig van God se redding in die wêreld.

Wat die volk dus as *skadutyd* beleef het, was al die tyd *skerpmaaktyd*!

Met jou is dit nie anders nie. Jy is as kind van God deel van sý koninkryk. In daardie koninkryk het God 'n doel moet jou. Op allerhande maniere wil God jou gebruik om die lig van sy redding te laat skyn (vs 7). Daarvoor slyp Hy jou en bêre Hy jou in die skadu van sy hand. Gou kom die dag wat jy met sekerheid weet (vs 5): “Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen”.

Sing: Psalm 144:1, 5 (1936)

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)